UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TuksSport**

**Communiqué:TuksSport se Jaarlikse Kleure- en Toekenningsfunksie**

Die Direkteur en Adjunkdirekteure by TuksSport, tesame met prof Antonie de Klerk en prof Cheryl de la Rey, het baie tyd bestee aan uitgebreide dialoog en strategiese beplanning oor die wyse waarop die Jaarlikse Kleure- en Toekenningsfunksie by TuksSport aangebied word.

As gevolg van verskeie faktore, insluitende maar nie beperk nie tot finansies, is daar besluit om die kriteria en bedrywighede wat by die aanbieding van die geleentheid betrokke is, aan te pas. Daar is besluit om die program op studentatlete te fokus en om herhalende toekennings te voorkom.

Hoewel alle atlete wat sekere prestasievlakke bereik het, steeds gevier sal word, sal nie alle atlete genooi word om die funksie by te woon nie. Atlete sal net vir hul eerste deelname aan 'n toekenningskategorie kleure ontvang. Alle atlete sal egter 'n gelukwensingsbrief van die Universiteit van Pretoria en TuksSport ontvang.

Die geleentheid sal nou baie kleiner as in vorige jare wees en op die hoogste vlak van prestige en aansien. Die Universiteit van Pretoria en TuksSport is oortuig dat dit die beste manier is om die hoë standaarde te handhaaf wat ons geleer het om in hierdie geleentheid waardeer.